



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

NOVEMBER 2008

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye en 'n antwoordeboek van 20 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig en volg hulle noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf om ALLE vrae in te beantwoord.
3. Bewerkings moet getoon word om deelpunte te verdien.
4. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n gids wanneer die vraestel beantwoord word. Poog om NIE daarvan of te wyk nie.

VRAAG 1: 35 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	Die leeuikomste gedek:
Maatskappykonsepte, -rekords en BTW	LU1 Finansiële rekeningkunde - AS1 Definieer rekeningkundige konsepte - AS2 Teken unieke inligting vir maatskappye op - AS7 Pas beginsels van BTW toe

VRAAG 2: 50 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag:	Leeuikomste gedek:
Kontantbegroting	LU2 Bestuursrekeningkunde - AS3 Ontleed en vertolk 'n kontantbegroting LU3 Bestuur van hulpbronne - AS5 Etiese gedragskode - AS6 Pas interne beheer en auditprosesse toe

VRAAG 3: 45 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	Leeuikomste gedek:
Vervaardiging	LU2 Bestuursrekeningkunde - AS2 Opstel, ontleding en verslagdoening van inligting oor koste LU3 Bestuur van hulpbronne - AS6 Pas interne beheer en auditprosesse toe

VRAAG 4: 65 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag:	Die leeuikomste gedek is:
Maatskappyverslagdoening	LU1 Finansiële rekeningkunde - AS5 Stel finansiële state op - AS6 Ontleding van 'n auditverslag LU3 Bestuur van hulpbronne - AS5 Etiese gedragskode en die rol van professionele liggame - AS6 Pas interne beheer en auditprosesse toe

VRAAG 5: 70 punte; 45 minute	
Onderwerp van die vraag:	Die Leeuikomste gedek:
Kontantvloei en vertolking van 'n maatskappy	LU1 Finansiële rekeningkunde - AS5 Opstel en vertolking van finansiële state LU3 Bestuur van hulpbronne - AS5 Etiese gedragskode

VRAAG 6: 35 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag:	Die leeuikomste gedek:
Vaste bates en interne beheer	LU3 Bestuur van hulpbronne - AS3 Vertolking en verslagdoening oor bate verkope - AS5 Etiese gedragskode - AS6 Pas interne beheer en auditprosesse toe

LAAT HIERDIE BLADSY OOP VIR ROFWERK

VRAAG 1**MAATSKAPPYKONSEPTE, -REKORDS EN BTW****(35 punte; 20 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Garland Beperk vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2008.

GEVRA:

- 1.1 Verduidelik kortliks waarom daar 'Beperk' of Bpk.' in 'n maatskappy se naam moet wees. (2)
- 1.2 Verduidelik kortliks waarom Garland Bpk. spesiale inskrywings in hulle boeke vir BTW moet doen. (2)
- 1.3 Ontleed die transaksies vir die huidige finansiële jaar in die tabel wat voorsien is. Toon die rekening gedebiteer, rekening gekrediteer en die ontbrekende bedrae aan. (25)
- 1.4 Die maatskappy beplan om die oorblywende onuitgereikte aandele volgende jaar uit te reik.
 - 1.4.1 Hoeveel aandele sal die maatskappy uitreik? (3)
 - 1.4.2 Gary Garland, die besturende direkteur, besit tans 230 000 aandele in hierdie maatskappy. Wat is die minimum aantal aandele wat Gary sal moet koop om beheer oor die maatskappy te behou? (3)

AGTERGRONDINLIGTING EN BEGINSALDO'S:

- Die onderneming is in 2004 begin met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 500 000 gewone aandele met 'n pariwaarde van R2,00 elk.
- Teen 1 Julie 2007, die begin van die huidige finansiële jaar, het die besigheid 300 000 van hierdie aandele teen pariwaarde uitgereik.

TRANSAKSIES VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2008:

Voorbeeld: Direkteursfooie van R150 000 is betaal.

1. Kredietaankope van handelsvoorraad vir die jaar beloop R350 000, BTW uitgesluit. Die BTW-bedrag is R49 000.
2. Kontantverkope vir die jaar is R684 000, insluitende BTW van 14%. Die kosprys van hierdie goedere is R400 000. Die onderneming gebruik die deurlopende voorraadstelsel.
3. Voorlopige belastingbetalings van R143 550 is aan SAID gemaak.
4. Tussentydse dividende van R24 000 is aan aandeelhouders betaal.
5. Verdere 120 000 aandele teen 'n premie van 60 sent elk is uitgereik.
6. Die belastingaanslag vir inkomstebelasting vir die jaar beloop R154 356.
7. 'n Finale dividend van 17 sent per aandeel is verklaar.

VRAAG 2**BEGROTINGS EN KORPORATIEWE BEHEER (50 punte; 30 minute)****2.1 AANBIEDING VAN 'N KONTANTBEGROTING**

Jy is die rekenmeester van Limpopo Handelaars en jy het die kontantbegroting vir die drie maande geëindig 31 Maart 2009 opgestel om aan die eenaar, Thabo Mkhize, voor te lê.

GEVRA:

2.1.1 Wat is die hoofdoel met die opstel van 'n Kontantbegroting? (2)

2.1.2 Aan die einde van Oktober 2008 het jy die volgende syfers geïdentifiseer. Verduidelik wat jy aan die einde van Oktober oor elk van die volgende items vir Thabo sal sê:

	Oktober 2008	
	Begroot	Werklik
Herstelwerk en instandhouding	R23 000	R18 000
Telefoon	R15 000	R24 000
Huurinkomste	R72 000	R22 000
Advertensies	R25 000	R25 000

(8)

2.1.3 Bereken die totale verkope wat in Februarie 2009 verwag kan word. (4)

2.1.4 Stel 'n Debiteure-invorderingskedule op vir die periode geëindig 31 Maart 2009 om die syfers in die Kontantbegroting na te gaan. (9)

2.1.5 Thabo is van mening dat dit 'n goeie idee sal wees om op krediet te begin verkoop, maar sy winkelbestuurder stem nie saam nie. Noem EEN punt uit die vraag om Thabo se mening te ondersteun, en EEN punt teen sy mening. Verskaf syfers om jou standpunte te ondersteun. (6)

2.1.6 Verwys na die voltooide Kontantbegroting vir die drie maande geëindig 31 Maart 2009 (sien hieronder). Thabo kan nie verstaan wat die begroting toon nie en vra dat jy die belangrikste aspekte moet uitlig.

Verduidelik DRIE punte buiten dié wat in VRAAG 2.1.2 tot 2.1.5 hierbo genoem is. Verskaf syfers (of verhoudings/persentasies) uit die vraag om jou verduidelikings te ondersteun. (9)

INLIGTING:

1. **Kredietverkope:** Thabo besluit om vanaf 1 Februarie 2009 op krediet te begin verkoop. Daar word verwag dat kredietverkope 80% van alle verkope sal uitmaak. Die onderneming gebruik 'n winsopslag van 50% op kosprys te alle tye. Daar word verwag dat debiteure soos volg sal betaal:
 - 10% betaal in dieselfde maand as die kredietverkoopstransaksie
 - 55% betaal in die maand na die kredietverkoopstransaksie plaasgevind het
 - 28% betaal in die tweede maand na die kredietverkoopstransaksie plaasgevind het
 - 7% word verwag om as oninbaar afgeskryf te word (oninbare skulde)
2. **Verbandlening:** Thabo besluit om 'n verbandlening uit te neem op die eiendom wat die onderneming jare gelede vir kontant gekoop het. Rente van 15% p.j. word gekapitaliseer (by lening getel).

LIMPOPO HANDELAARS**KONTANTBEGROTING VIR DRIE MAANDE GEËINDIG 31 MAART 2009**

	2009 JANUARIE	2009 FEBRUARIE	2009 MAART
ONTVANGSTE	675 000	1 176 600	1 093 600
Kontantverkope	600 000	144 000	162 000
Invordering van debiteure (sien inlig. 1 bo)		57 600	381 600
Verbandlening van ACE Bank (sien inlig. 2 bo)		900 000	
Huurinkomste	72 000	72 000	80 000
Rente op vaste deposito	3 000	3 000	
Vaste deposito verval			470 000
BETALINGS	771 700	960 470	1 240 780
Aankoop van voorraad (alles vir kontant)	400 000	480 000	540 000
Terugbetaling van lening en rente		10 370	10 370
Bankkoste	13 000	8 000	8 000
Versekering	7 700	7 700	10 010
Salarisse	140 000	140 000	168 000
Lone	60 000	62 400	62 400
Telefoon	16 000	16 000	16 000
Advertensies	15 000	15 000	15 000
Diverse uitgawes	20 000	21 000	22 000
Aankoop van voertuie			180 000
Voertuiguitgawes			9 000
Onttrekkings deur Thabo	100 000	200 000	200 000
Surplus (Tekort) vir die maand	(96 700)	216 130	(147 180)
Kontant aan begin van maand	55 000	(41 700)	174 430
Kontant aan einde van maand	(41 700)	174 430	27 250

2.2 GEVALLESTUDIE: PRESTIGE HOTELS BPK.

Jy word voorsien van 'n uittreksel uit 'n koerantartikel wat op 'n werklike geval gebaseer is.

GEVRA:

2.2.1 Indien jy 'n hoofaandeelhouer in hierdie maatskappy was, watter vrae sou jy die besturende direkteur by die spesiale vergadering vra? Noem TWEE vrae. (6)

2.2.2 Wat behoort die besturende direkteur by die spesiale vergadering te sê om die raad se besluite oor die begroting te verdedig? Verduidelik TWEE punte kortliks. (6)

INLIGTING:**PRESTIGE HOTELLE BPK. BERISPE VIR ONTOEPASLIKE BESLUIE**

[Deur Helen Brown, *Daily Views*, 24 Nov. 2007]

Die besluit deur Prestige Hotelle Bpk. om die Verre-Ooste Internasionale Sokkertoernooi met bykans R5 miljoen te borg op 'n tydstip wanneer die maatskappy ekstra lenings en finansiering van beleggers vra, is deur sommige van die hoofaandeelhouders en vakbonde gekritiseer.

Een van die hoofaandeelhouders, Glyn Schroda, het hierdie week gesê dat Prestige Hotelle 'n bedryfsverlies van R83 miljoen gedurende die 2006/2007 finansiële jaar gehad het en dat die begroting vir die nuwe jaar groot kontanttekorte toon. Sy het gesê dat die besturende direkteur, Brand Schoon, aanspreeklik gehou behoort te word en die optrede van die raad by 'n spesiale vergadering wat deur die aandeelhouders vir volgende week belê is, sal moet verduidelik. Vakbondvertegenwoordiger, Vally Pradeep, het ook die maatskappy gekritiseer dat hulle nie na hulle werkers omsien nie.

Prestige Hotelle Bpk. is die hoofborg en besit hotelle in Suid-Afrika en in die Verre-Ooste. Hulle sal gratis akkommodasie aan spelers vir die Verre-Ooste Internasionale Sokkertoernooi verskaf. Toeskouers sal self vir hulle kamers moet betaal.

'Ons neem ons sterk Suid-Afrikaanse handelsmerk na die res van die wêreld met hierdie borgskap; ons laat ons teenwoordigheid op die wêreldtoneel geld,' sê Schoon.

Siswe Mashala, hoofrekenmeester van die maatskappy, sê Prestige Hotelle het hulle borgskappe van meer as 40 tot slegs vyf sportbyeenkomste verminder en het vir 8% salaris- en -loonverhogings begroot.

VRAAG 3**VERVAARDIGING****(45 punte; 25 minute)****3.1 PRODUKSIEKOSTESTAAT EN VOORRAADSTELSELS**

Jy word voorsien van inligting omtrent Valley Bedvervaardigers vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2008.

Die onderneming vervaardig beddens en verkoop dit teen 'n winsopslag van 70% op kosprys. Hulle gebruik die deurlopende voorraadstelsel vir voltooide goedere en die periodieke stelsel vir grondstowwe en indirekte materiale.

GEVRA:

- Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 29 Februarie 2008 op. (9)
- Voorsien bewerkings vir Direkte Materiaalkoste en Fabrieksbokoste. (16)

INLIGTING:

1. Die volgende **saldo's** het onder meer in die grootboek aan die begin en einde van die finansiële jaar verskyn.

	1 Maart 2007	29 Februarie 2008
Grondstofvoorraad	95 000	110 500
Goedere-in-bewerking-voorraad	71 500	191 600
Voltooidegoedere-voorraad	480 000	96 200
Fabrieks-indirekte-materiale-voorraad	20 500	18 000

2. **Transaksies gedurende die jaar:**

- Grondstowwe op krediet aangekoop, R521 000
- Koste van vervoer van grondstowwe aan die fabriek, R29 500
- Fabrieks-indirekte-materiaal kontant gekoop, R77 500
- Lone betaal aan fabriekswerkers wat beddens maak, R300 800
- Salaris aan fabrieksvoorman (bestuurder) betaal, R105 000
- Kommissie aan verkoops personeel betaal, R90 000
- Instandhouding van fabriekstoerusting betaal, R37 000 ('n verdere R11 000 is nog verskuldig)
- Water en elektrisiteit betaal, R21 000 (dit moet tussen die fabriek en die kantoor in die verhouding 4:1 verdeel word)
- Huur betaal, R108 000 (dit moet tussen die verskillende departemente volgens die vloeroppervlakte verdeel word – die fabriek beslaan 800 vierkante meter uit 'n totale oppervlakte van 1 200 vierkante meter)
- Waardevermindering op fabriekstoerusting beloop R60 500

LOS HIERDIE BLADSY OOP VIR ROFWERK

3.2 EENHEIDSKOSTE**GEVRA:**

- 3.2.1 Bereken die eenheidskoste vir 2008 wat as (a), (b), en (c) in die onderstaande tabel aangedui is. (6)
- 3.2.2 Vergelyk die eenheidskoste vir 2008 met dié van 2007. Sommige van die eenheidskoste is deur inflasie beïnvloed (verhoogde pryse). Verskaf in elk van die volgende gevalle 'n moontlike rede (buiten inflasie) vir die verandering:
- Direkte materiaalkoste per eenheid
 - Direkte arbeidskoste per eenheid
 - Fabrieksboekoste per eenheid (6)
- 3.2.3 Gelykbreekpunt:
- Bereken die gelykbreekpunt vir 2008. (5)
 - Lewer kommentaar oor die gelykbreekpunt hierbo bereken. Behoort die onderneming tevrede te wees met die getal eenhede wat tans vervaardig word? Verduidelik. (3)

INLIGTING:

1. Springbok T-Hemp Vervaardigers het 34 000 T-hemde gedurende die jaar geëindig 29 Februarie 2008 verkoop. Hulle het 25 000 T-hemde in die vorige jaar vervaardig.
2. Al die T-hemde is teen 'n vaste prys van R45 elk in 2007 en 2008 verkoop.
3. Al die voltooide items is verkoop. Daar was geen goedere-in-bewerking aan die begin of aan die einde van die finansiële jaar nie.
4. Die volgende totaal en eenheidskoste is geïdentifiseer:

	2008		2007	
	34 000 eenhede gemaak		25 000 eenhede gemaak	
	Totale koste	Eenheidskoste	Totale koste	Eenheidskoste
Veranderlike koste:	R980 000	R28,82	R801 000	R32,04
Direkte materiale koste	500 000	(a)	462 000	18,48
Direkte arbeidskoste	320 000	9,41	205 000	8,20
Verkoops- en verspreidingskoste	160 000	(b)	134 000	5,36
Vaste koste:	333 000	9,79	296 000	11,84
Fabrieksboekoste	205 000	(c)	205 000	8,20
Administratiewekoste	128 000	3,76	91 000	3,64
Totale koste	R1 313 000	R38,62	R1 097 000	R43,88

VRAAG 4**MAATSKAPPYVERSLAGDOENING****(65 punte; 30 minute)****4.1 INKOMSTESTAAT**

Jy word voorsien van inligting omtrent Samora Sports Beperk. Die maatskappy verkoop sporttoerusting en herstel toerusting namens hulle klante.

GEVRA:

Stel die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2008 op nadat die aansuiwerings en bykomende inligting in berekening gebring is. (50)

INLIGTING:**1. Uittreksel van syfers uit die voor-aansuiweringsproefbalans op 30 Junie 2008:**

Gewone aandelekapitaal (R5 pariwaarde)	R 1 200 000
Vaste deposito	160 000
Handelsvoorraad	215 000
Debiteurekontrole	39 090
Toerusting (vir kantoor en winkel)	224 000
Opgehoopde waardevermindering op kantoor- en winkeltoerusting	130 000
Verbandlening van Credbank	281 200
Verkope	1 703 200
Debiteure-afslag	17 000
Koste van verkope	?
Diensfooie (vir herstelwerk gelewer)	297 140
Huurinkomste	105 000
Rente-inkomste	11 200
Salarisse en lone	234 750
Werkgewersbydrae tot Pensioenfonds en WVF	53 200
Ouditeursfooie	30 000
Direkteursfooie	230 000
Verbruiksgoedere	51 100
Bankkoste	5 240
Diverse uitgawes	?

2. Aansuiwerings en bykomende inligting:

Die ouditeure het die volgende foute of weglatings geïdentifiseer:

- 2.1 Die ouditeure word 'n verdere R28 000 geskuld na die voltooiing van die audit.
- 2.2 Bankkoste van R310 wat op die Junie 2008-bankstaat verskyn, is nog nie in die boeke opgeteken nie.

- 2.3 'n Kredietnota uitgereik aan 'n debiteur, A Mona, gedateer 28 Junie 2008. is nie in die boeke aangeteken nie. Die kredietnota was vir:
- Goedere teruggestuur deur A Mona, R6 200 (die koste was R4 800)
 - Prysvermindering as gevolg van onbevredigende herstelwerk aan 'n tennisraket, R540
- 2.4 Die voorraadopname op 30 Junie 2008 het die volgende voorhande getoon:
- Handelsvoorraad, R202 000
 - Verbruiksgoedere, R900
- 2.5 'n Werknemer is uit die Salarisjoernaal vir Junie 2008 weggelaat. Die besonderhede op sy salarisstrokie is:

Bruto salaris	R6 000
LBS aftrekking (18%)	(1 080)
Pensioenaf trekking (7,5%)	(450)
WVF	(60)
Netto salaris	R4 410

Die onderneming se bydraes is:

- Pensioenfonds: 10,5% van bruto salaris
 - WVF: Rand-vir-rand-basis
- 2.6 Die huurder het Julie en Augustus se huur in Junie 2008 betaal. Die huur is op 1 Januarie 2008 met R700 per maand verhoog.
- 2.7 Voorsien vir waardevermindering op kantoor- en winkeltoerusting teen 10% p.j. op die verminderde-saldo-metode. Let daarop dat nuwe kantoor-toerusting van R30 000 teen die middel van die finansiële jaar aangekoop is (dit is behoorlik opgeteken).
- 2.8 Rente op die lening is gekapitaliseer. Die leningstaat van Credbank op 30 Junie 2008 toon die volgende:

CREDBANK	
<i>Leningstaat op 30 Junie 2008</i>	
Saldo op 1 Julie 2007	R332 800
Rente gehef	?
Maandelikse betalings aan Credbank ten opsigte van die leningsooreenkoms (12 maande x R4 300)	R 51 600
Saldo op 30 Junie 2008	R326 000

Die renteuitgawe vir die jaar is nog nie in die boeke aangeteken nie.

- 2.9 Gebruik die volgende persentasies om die ontbrekende syfers te bereken:
- Winsopslag % bereik: 60% op kosprys
 - Bedryfswins op verkope: 20%
 - Inkomstebelastingkoers: 30% van netto wins

4.2 KORPORATIEWE BESTUUR EN OUDIT

Die volgende ouditverslag is deur die ouditeure van Samora Sport Bpk. uitgereik:

Ouditmening – Aan die aandeelhouders:

Na ons mening verstrekk hierdie finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike weergawe van die finansiële stand van die maatskappy en die groep op 30 Junie 2008, en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, en ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet in Suid-Afrika.

I.M. Wright & Genote

Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)

Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure

Pretoria 10 Augustus 2008

4.2.1 Waarom vereis die Maatskappywet dat 'n publieke maatskappy geouditeer moet word? (2)

4.2.2 Alhoewel die ouditmening aan die aandeelhouders gerig is, sal ander belanghebbende persone dit ook wil lees.

Noem EEN ander persoon wat ook in hierdie ouditmening geïnteresseerd sal wees en gee 'n rede vir sy/haar belangstelling. (3)

4.2.3 Een van die aandeelhouders het op die AJV gesê dat hy nie gelukkig is met die woorde 'redelike weergawe' in die ouditmening nie. Hy wil hê die ouditeure moet sê dat die finansiële state 'korrek in alle opsigte' is.

Watter verduideliking behoort aan hierdie aandeelhouer gegee te word? Noem EEN punt. (3)

4.2.4 Die direkteur is nie gelukkig met die hoë ouditfooie wat in die Inkomstestaats getoon word nie.

Verduidelik waarom verbetering in interne beheer 'n positiewe uitwerking op die fooie van die eksterne ouditeure sal hê. Noem EEN punt. (3)

4.2.5 SAIGR ('SAICA') is een van die hoof professionele liggame wat rekenmeesters in hierdie land beheer.

Verduidelik TWEE van die hoofrolle wat deur SAIGR vervul word. (4)

VRAAG 5**KONTANTVLOEI EN VERTOLKING VAN 'N MAATSKAPPY (70 punte; 45 minute)**

Jy word voorsien van inligting rakende Glebo Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 2008. Glebo Beperk is 'n publieke maatskappy wat op die JSE Sekuriteitebeurs genoteer is. Hulle is in Pretoria geleë en verkoop kantoorstryf-behoefes.

Die direkteure van Glebo Beperk besluit in die helfte van die jaar om nuwe takke in Bloemfontein en Witbank te open.

LET WEL:

- ***Beantwoord die vrae hieronder.***
- ***Waar jy gevra word om kommentaar oor die finansiële aanwysers te lewer, haal sowel die naam van die toepaslike aanwyser as die syfer wat voorsien word of bereken is in die vraag vir die aanwyser aan.***

GEVRA:

- 5.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir 2008:
- 5.1.1 Skuld/Aandeehouersverhouding (3)
 - 5.1.2 Vuurproefverhouding (4)
 - 5.1.3 Voorraadomssetsnelheid (4)
 - 5.1.4 % opbrengs op gemiddelde aandeehouersbelang (na belasting) (4)
 - 5.1.5 Netto batewaarde per aandeel (4)
- 5.2 Solvensie en likiditeit:
- 5.2.1 Verduidelik kortliks die verskil tussen *solvensie* en *likiditeit*. (2)
 - 5.2.2 Lewer kommentaar oor die solvensie van hierdie onderneming. Haal 'n finansiële aanwyser uit die vraag aan om jou mening te ondersteun. (3)
 - 5.2.3 Lewer kommentaar oor die likiditeit van hierdie onderneming. Haal die finansiële aanwysers en die veranderinge (neigings) van die vorige jaar aan om jou mening te ondersteun. (10)
- 5.3 Opbrengs en aandeleprys:
- 5.3.1 Lewer kommentaar oor die verdienstes, dividende en %-opbrengs. Haal die finansiële aanwysers en die veranderinge (neigings) van die vorige jaar aan om jou mening te ondersteun. (6)
 - 5.3.2 Jy is 'n aandeelhouer sedert die maatskappy jare gelede begin is. Die prys van die aandeel op die JSE is nou 350 sent wat 'n 6%-verhoging oor die afgelope jaar verteenwoordig. Sal jy tevrede wees met die prestasie van die aandeleprys? Lewer kommentaar en vergelyk dit met 'n finansiële aanwyser uit die vraag om jou mening te ondersteun. (4)
- 5.4 Bereken die ontbrekende syfers in die Kontantvloeistaat. Die ontbrekende syfers is aangedui (a) tot (e). (12)
- 5.5 Die Kontantvloeistaat beklemtoon sekere belangrike besluite deur die direkteure in die afgelope jaar geneem. Verduidelik TWEE van dié belangrike besluite. Haal syfers aan om jou antwoord te ondersteun. Verduidelik ook hoe die besluite die maatskappy en aandeelhouers sal bevoordeel. (8)
- 5.6 Op die AJV kondig die direkteure aan dat die maatskappy:
- Alle werknemers met betrekking tot gedrag en etiek sal oplei
 - Fondse vir die skoonmaak van die omgewing sal skenk
- Verduidelik waarom dit nodig is ten spyte daarvan dat dit die maatskappy elke jaar baie geld sal kos. Noem DRIE punte. (6)

INLIGTING:**GLEBO BEPERK****UITREKSEL UIT DIE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2008**

	2008	2007
Verkope (70% van verkope was op krediet)	9 000 000	7 000 000
Koste van verkope	5 625 000	4 070 000
Bedryfswins	1 423 200	947 600
Inkomstebelasting	426 000	270 000
Netto wins na belasting	904 000	630 000

GLEBO BEPERK**BALANSSTAAT SOOS OP 30 JUNIE 2008**

	2008	2007
BATES		
Nie-bedryfsbates	4 626 000	2 209 000
Vaste bates	4 326 000	1 489 000
Finansiële bates	300 000	720 000
Bedryfsbates	2 557 000	2 508 000
Voorraad (alle handelsvoorraad)	1 640 000	1 510 000
Handels- en ander ontvangbares (alle handelsdebiteure)	810 000	960 000
SAID (Inkomstebelasting)	0	18 000
Kontant en kontantekwivalente	107 000	20 000
TOTALE BATES	7 183 000	4 717 000
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE		
Gewone aandeelhouersekwiteit	4 123 000	2 640 000
Gewone aandeelkapitaal (R2,00 pariwaarde)	2 200 000	1 600 000
Aandelepremie	710 000	200 000
Behoue inkomste	1 213 000	840 000
Nie-bedryfslaste	1 980 000	700 000
Verbandlening: Jozi Bank (13% p.j.)	1 980 000	700 000
Bedryfslaste	1 080 000	1 377 000
Handels- en ander betaalbares (alle handelskrediteure)	705 000	819 000
SAID (Inkomstebelasting)	32 000	0
Aandelhouders vir dividende	275 000	240 000
Bankoortrekking	0	250 000
Lopende deel van lening	68 000	68 000
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	7 183 000	4 717 000

FINANSIËLE AANWYSERS:

Die volgende finansiële aanwysers is vir die afgelope twee jaar bereken:

	2008	2007
Skuld/Aandehouersbelangverhouding	?	0,27:1
Totale bates tot totale laste	2,2:1	2,3:1
Bedryfskapitaalverhouding	2,4:1	1,8:1
Vuurproefverhouding	?	0,7:1
Vorraadomsetsnelheid	?	2,4 keer
Debiteure-invorderingstermyn	51 dae	72 dae
Krediteure-betalingstermyn	49 dae	67 dae
% opbrengs op gemiddelde aandehouersbelang (na belasting)	?	23,9 %
% opbrengs op totale kapitaal aangewend (voor belasting)	43,3 %	39,7 %
Netto batewaarde per aandeel	?	330 sent
Dividende per aandeel	57 sent	65 sent
Verdiens te per aandeel	95,2 sent	78,8 sent

GLEBO BEPERK
KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2008

Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	744 000
Kontant deur bedrywighede gegenereer	?
Rente betaal	(134 000)
Dividende betaal	(496 000)
Inkomstebelasting betaal	(a) ?
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	(3 217 000)
Aankoop van vaste bates vir nuwe takke	(3 357 000)
Opbrengs van verkoop van vaste bates	140 000
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	2 810 000
Opbrengs uit aandele uitgereik	(b) ?
Opbrengs uit toename in verbandlening	(c) ?
Opbrengs uit finansiële bates verval	420 000
Netto verandering in kontantekwivalente	(d) ?
Kontantekwivalente – begin van die jaar	(230 000)
Kontantekwivalente – einde van die jaar	(e) ?

VRAAG 6**VASTE BATES EN INTERNE BEHEER****(35 punte; 30 minute)**

Jy word voorsien van inligting in verband met Bloemfontein Hardeware vir die jaar geëindig 29 Februarie 2008. Die onderneming se eienaars is Mike Moore en Milly Miles.

GEVRA:

- 6.1 Stel die Bateverkoperekening op vir die kantoortoerusting (rekenaars) wat op 30 Junie 2007 gesteel is (sien inligting 1 hieronder). (12)
- 6.2 Een van die kantoorwerkers, Di Vulge, weet dat die versekeringspolis slegs diefstal dek indien daar bewyse van geforseerde toegang is. Sy weet ook dat Mike die sekuriteitshek van die kantoor gebreek het om dit te laat lyk asof toegang met geweld verkry is. Sy is nie seker of Milly hiervan weet nie.
- Watter raad sal jy aan Di gee? Verduidelik EEN punt. (3)
- 6.3 Verduidelik hoe en waarom die Vastebate-register die interne ouditeur in sy pligte sal help. (3)
- 6.4 Om hulle kontantvloei-probleme op te los, het Mike 'n gedeelte van die perseel teen kosprys verkoop. Milly stem nie hiermee saam nie.
- Ondersteun jy Milly se mening? Gee 'n rede. (3)
- 6.5 Die onderneming besit drie afleweringvoertuie. Verwys na die inligting oor elk van die afleweringvoertuie in die Vastebate-register (sien inligting 4 hieronder).
- Identifiseer die kosprys van afleweringvoertuig 3. (3)
 - Verduidelik waarom afleweringvoertuig 2 teen 'n boekwaarde van R1,00 (een rand) getoon word. (2)
- 6.6 As 'n diens aan hulle klante, lewer die onderneming goedere in Bloemfontein af. Hulle vra 'n vaste koers van R250 per aflewering. Klante betaal kontant direk aan die bestuurders van die voertuie.
- 'n Totaal van 3 680 afleweringe is gedurende die jaar gedoen. Die afleweringdiens is op 260 dae van die jaar bedryf.
- Jy is die interne ouditeur en jy is bekommerd oor moontlike probleme met die afleweringvoertuie en die bestuurders.
- Verwys na die inligting in punt 4 hieronder. Identifiseer en verduidelik EEN groot probleem met elke afleweringvoertuig of sy bestuurder. Haal syfers uit die inligting aan om jou antwoord te ondersteun. Verskaf 'n geldige oplossing vir elke probleem. (9)

INLIGTING:**1. Kantoortoerusting en verkope:**

Kantoortoerusting sluit die kantoorrekenaars in. Ses van die kantoorrekenaars is op 30 Junie 2007 gesteel. Hierdie ses rekenaars is oorspronklik teen 'n kosprys van R13 200 elk gekoop. Die versekeringsmaatskappy, Ace Versekerers, het slegs R5 000 vir elke rekenaar uitbetaal. Hierdie rekenaars is teen 'n hoër prys op 31 Augustus 2007 vervang.

2. Afleweringsvoertuie:

Die besigheid besit drie afleweringsvoertuie wat hulle gebruik om inkomste te genereer.

3. Inligting uit die finansiële state vir die jaar geëindig 29 Februarie 2008:

VASTE BATES	Grond & geboue	Kantoor-toerusting	Voertuie
Drawaarde aan begin van die jaar	1 200 000	630 000	403 501
Kosprys	1 200 000	980 000	699 000
Opgehoopte waardevermindering		(350 000)	(295 499)
Bewegings	(700 000)	19 560	(111 000)
Toevoegings		240 000	
Verkope teen drawaarde	(700 000)	(63 360)	
Waardevermindering		(157 080)	(111 000)
Drawaarde aan einde van die jaar	500 000	649 560	292 501
Kosprys	500 000	1 140 800	699 000
Opgehoopte waardevermindering		(491 240)	(406 499)

4. Inligting uit die Vastebate-register en die rekeningkundige rekords op 29 Februarie 2008:

Vastebate-register	Aflewerings-voertuig 1	Aflewerings-voertuig 2	Aflewerings-voertuig 3
Datum aangekoop	1 April 2007	1 Januarie 1999	1 April 2005
Kosprys van voertuig	R315 000	R144 000	?
Opgehoopte waardevermindering	R94 500	R143 999	R168 000
Drawaarde	R220 500	R1	R72 000

Inligting uit die rekeningkundige rekords	Aflewerings-voertuig 1	Aflewerings-voertuig 2	Aflewerings-voertuig 3
Naam van bestuurder	Solly	Themba	Goldie
Getal dae gewerk	210 dae	260 dae	260 dae
Getal aflewerings gemaak	280 aflewerings	2 100 aflewerings	1 300 aflewerings
Kontant deur bestuurders inbetaal	R70 000	R525 000	R275 000
Salaries aan bestuurders betaal	R52 000	R52 000	R52 000
Brandstof- en instandhoudingskoste vir die jaar	R36 400	R430 500	R201 500
Brandstof- en instandhoudingskoste per kilometer	R1,30	R2,05	R1,55